No. R. 561 **22 Mei 2008**

WYSIGINGSWET OP DIE STRAFREG (SEKSUELE MISDRYWE EN VERWANTE AANGELEENTHEDE), 2007 (WET NO. 32 VAN 2007)

STRAFREG (SEKSUELE MISDRYWE EN VERWANTE AANGELEENTHEDE) REGULASIES

Die Minister vir Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het kragtens—

(a) artikel 39 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007), na oorlegpleging met die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit en die Minister van Gesondheid, en ten opsigte van die aangeleentheid bedoel in artikel 35 van die Wet, in oorlegpleging met die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit; en

(b) artikel 53 van die Wet, en na oorlegpleging met die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit, die Minister van Korrektiewe Dienste, die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en die Minister van Gesondheid,

die Regulasies in die Bylae, uitgevaardig.

BYLAE
INDELING VAN REGULASIES

Regulasie No.	Onderwerp
1.	Woordomskrywing
Deel I:	**Regulasies ten opsigte van dienste vir slagoffers van seksuele misdrywe en verpligte MIV-toetsing van beweerde seksuele oortreders**
2.	Aanmelding van 'n beweerde seksuele misdryf en dienste vir slagoffers
3.	Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir MIV-toetsing van beweerde seksuele oortreder
4.	Oorweging van aansoek en getuienis
5.	Bevel deur landdros vir MIV-toetsing ingevolge artikel 31 van die Wet
6.	Aansoek deur ondersoekbeampte vir MIV-toetsing van beweerde oortreder en bevel deur landdros vir MIV-toetsing ingevolge artikel 32 van die Wet
7.	Neem van voorgeskrewe monsters
8.	Aantekening, bewaring en vertroulikheid van toetsuitslae
9.	Bewaring van toetsuitslae deur ondersoekbeampte
10.	Lasbrief vir inhegtenisneming
11.	Register van aansoeke en bevele
Deel II:	**Regulasies ten opsigte van Nasionale Register vir Seks-oortreders**

12. Instelling van Nasionale Register vir Seks-oortreders en aanwysing of aanstelling van personeel van Registrateur
13. Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Registrateur
14. Inhoud van Register
15. Wyse waarop besonderhede vir Registrateur aangestuur moet word: Instelling van Register en verwante aangeleenthede
16. Wyse waarop besonderhede vir Registrateur aangestuur moet word en verwante aangeleenthede
17. Persone daarop geregtig om aansoek om sertifikaat te doen
18. Verwerking van aansoeke
19. Verwydering van besonderhede uit Register
20. Misdrywe en strawwe

Deel III: Algemeen

21. Kort titel en inwerkingtreding

Aanhangsel A Vorms: Dienste vir slagoffers van seksuele misdrywe en verpligte MIV-toetsing van beweerde seksuele oortreders
Aanhangsel B Vorms: Nasionale Register vir Seks-oortreders

Woordomskrywing

1. In hierdie Regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"beweerde oortreder" enige persoon wat, vir doeleindes van—

(a) regulasies 2 tot 5, 7, 8, 10 en 11, beskuldig word van die pleeg van 'n seksuele misdryf ingevolge die Wet waarin die slagoffer aan die liggaamsvog van daardie persoon blootgestel kon word; of

(b) regulasies 6 tot 8, 10 en 11, beskuldig word van die pleeg van enige misdryf, met inbegrip van 'n seksuele misdryf ingevolge die Wet, waarin die MIV-status van daardie persoon relevant kan wees vir doeleindes van ondersoek of vervolging;

"**databasis**", vir die doeleindes van regulasies 12 , 13 en 20, enige opgeneemde inligting in besit van die Registrateur van die Nasionale Register vir Seks-oortreders hetsy sodanige inligting in elektroniese formaat is al dan nie;

"die Wet" die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007);

"gesondheidsinstelling"'n openbare gesondheidsinstelling aangewys deur die kabinetslid wat vir gesondheid verantwoordelik is soos beoog in artikel 29(1) van die Wet;

"klerk van die hof" 'n klerk van die hof wat ingevolge artikel 13 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), aangestel is met inbegrip van enige assistent-klerk van die hof aldus aangestel, wat vir doeleindes van Hoofstuk 5 van die Wet, uitdruklik deur die hoof van die administratiewe streek aangewys is om aangeleenthede met betrekking tot daardie Hoofstuk te hanteer;

"landdros" 'n landdros of addisionele landdros wat ingevolge artikel 9 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), vir 'n distrik aangestel is en wat, vir doeleindes van Hoofstuk 5 van die Wet, uitdruklik deur die hoof van die administratiewe streek aangewys is om aangeleenthede ingevolge daardie Hoofstuk te hanteer;

"saaknommer" die Misdaad-Administrasie-Stelsel-nommer; en

"**werksdag**" enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet No. 36 van 1994).

DEEL I

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIENSTE VIR SLAGOFFERS VAN SEKSUELE MISDRYWE EN VERPLIGTE MIV-TOETSING VAN BEWEERDE SEKSUELE OORTREDERS KRAGTENS ARTIKEL 39 VAN DIE WET

Aanmelding van 'n beweerde seksuele misdryf en dienste vir slagoffers

2. (1) 'n Geneesheer of verpleër of verpleegster by wie 'n seksuele misdryf, waarin die slagoffer blootgestel kon word aan die risiko om met MIV besmet te word as gevolg van daardie misdryf, deur 'n slagoffer of 'n belanghebbende persoon aangemeld word, moet die J88-vorm (*"Report by the authorised medical practitioner on the completion of a medico-legal examination"*) voltooi.

(2) *(a)* Die polisiebeampte by wie die klag gelê is of die geneesheer of verpleër of verpleegster by wie die voorval aangemeld is, moet die slagoffer of die belanghebbende persoon inlig, mondelings en by wyse van kennisgewing wat wesenlik met Vorm 1 in Aanhangsel A moet ooreenstem—

(i) van die belangrikheid daarvan om Na-blootstellingsprofilakse (PEP) vir MIV-infeksie sonder enige vertraging, maar in elk geval binne 72 uur nadat die beweerde seksuele misdryf plaasgevind het, te ontvang;

(ii) dat PEP teen Staatskoste en in ooreenstemming met die Staat se geldende behandelingskriteria en protokols by gesondheidsinstellings toegedien sal word;

(iii) dat die slagoffer gratis mediese advies sal ontvang omtrent die toediening van PEP alvorens dit toegedien word;

(iv) van die noodsaaklikheid om mediese advies en hulp aangaande die moontlikheid van ander seksueel oordraagbare infeksies te ontvang; en

(v) dat die slagoffer of belanghebbende persoon by 'n landdros aansoek kan doen om 'n bevel dat die beweerde oortreder teen Staatskoste vir MIV getoets word.

(b) (i) 'n Lys wat die name, adresse en kontakbesonderhede bevat van toeganklike gesondheidsinstellings moet by die kennisgewing bedoel in paragraaf *(a)* aangeheg word.

(ii) Die lys beoog in subparagraaf (i) kan beperk word tot toeganklike gesondheidsinstellings binne 'n redelike afstand van die polisiestasie waar die klag gelê is of van die gesondheidsinstelling waar die voorval aangemeld is.

(c) Indien die slagoffer of belanghebbende persoon nie daartoe in staat is om die kennisgewing bedoel in paragraaf *(a)* te lees nie, moet die inhoud daarvan aan hom of haar deur die polisiebeampte of 'n ander persoon wat in staat is om die polisiebeampte in hierdie verband by te staan, geneesheer, verpleër of verpleegster, na gelang van die geval, in 'n taal wat hy of sy verstaan, verduidelik word.

(3) Die geneesheer of verpleër of verpleegster by wie die voorval, soos beoog in subregulasie (1), aangemeld is, moet, nadat die dienste beoog in artikel 28(1)*(a)* van die Wet verskaf is, die slagoffer of die belanghebbende persoon, na gelang van die geval, inlig om onverwyld 'n klag by die polisiestasie wat die naaste aan die plek is waar die voorval plaasgevind het, aan te meld.

Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir MIV-toetsing van beweerde oortreder

3. (1) 'n Aansoek deur 'n slagoffer of belanghebbende persoon beoog in artikel 30 van die Wet, moet wesenlik met Vorm 2 in Aanhangsel A ooreenstem.

(2) Die ondersoekbeampte moet—

(a) die aansoek bedoel in subregulasie (1) in 'n verseëlde koevert plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is, en wat—

(i) die woorde "Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir MIV-toetsing van beweerde oortreder" of "Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon tot toegang tot MIV-toetsuitslag reeds deur ondersoekbeampte verkry", na gelang van die geval; en

(ii) die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte,

aandui; en

(b) dit so spoedig as wat redelikerwys doenlik is, maar nie later as twee werksdae nie, nadat die aansoek aan die ondersoekbeampte oorhandig is, by die klerk van die hof indien.

(3) *(a)* Die klerk van die hof moet 'n register vir aansoeke beoog in artikels 30 en 32 van die Wet byhou waarin die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte, of mondelinge getuienis gelei is of verdere beëdigde verklarings ingedien is, aangedui word.

(b) Die klerk van die hof moet die verseëlde aansoek in 'n lêer plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is, en—

(i) die woorde "Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir MIV-toetsing van beweerde oortreder" of "Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon tot toegang tot MIV-toetsuitslag reeds deur ondersoekbeampte verkry", na gelang van die geval; en

(ii) die saaknommer; naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte,

aandui en dit onverwyld aan 'n landdros vir oorweging oorhandig.

(4) Die hoof van die kantoor moet administratiewe maatreëls daarstel om die veilige bewaring van die register en die lêers in subregulasie (3) bedoel, te verseker.

Oorweging van aansoek en getuienis

4. (1) Wanneer die landdros wat die aansoek oorweeg verdere getuienis soos beoog in artikel 31(1) van die Wet vereis, moet die klerk van die hof—

(a) waar mondelinge getuienis gelei gaan word, die datum en tyd soos deur die landdros vasgestel, met die ondersoekbeampte persoonlik reël, beide telefonies en dit skriftelik bevestig; en

(b) waar verdere beëdigde verklarings ingedien moet word, telefonies en skriftelik bevestig, vereis dat die ondersoekbeampte die beëdigde verklarings soos deur die landdros geïdentifiseer, verkry.

(2) *(a)* Waar mondelinge getuienis gelei gaan word, moet die ondersoekbeampte—

(i) die slagoffer, belanghebbende persoon of ander getuie van die vasgestelde datum en tyd inlig waarop hulle voor die landdros moet verskyn; en

(ii) indien die beweerde oortreder moet getuig—

(aa) hom of haar op die vasgestelde datum en tyd bring om voor die landdros te verskyn, as hy of sy in aanhouding is; of

(bb) hom of haar van die vasgestelde datum en tyd om voor die landdros te verskyn, inlig as hy of sy nie in aanhouding is nie.

(b) Waar verdere getuienis by wyse van beëdigde verklaring vereis word, moet die ondersoekbeampte—

(i) die nodige beëdigde verklaring of verklarings van die persoon of persone soos deur die landdros geïdentifiseer so spoedig as wat redelikerwys doenlik is of binne die tydperk deur die landdros vasgestel, verkry; en

(ii) die beëdigde verklaring of verklarings in 'n verseëlde koevert, gemerk "Confidential/Vertroulik", plaas wat ook die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte aandui,

en dit aan die klerk van die hof oorhandig wat dit onverwyld tesame met die lêer wat die aansoek bedoel in regulasie 3 bevat, aan die landdros moet oorhandig.

Bevel deur die landdros vir MIV-toetsing ingevolge artikel 31 van die Wet

5. (1) Die bevel van die landdros beoog in artikel 31(3) van die Wet moet wesenlik met Vorm 3 in Aanhangsel A ooreenstem.

(2) Die landdros moet—

(a) die getekende bevel bedoel in subregulasie (1) in 'n verseëlde koevert plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is, en wat die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte,aandui; en

(b) die bevel saam met die lêer bedoel in regulasie 3(3)*(b)* aan die klerk van die hof oorhandig.

(3) Die klerk van die hof moet die verseëlde bevel aan die ondersoekbeampte oorhandig wat ontvangs daarvoor op die lêer bedoel in regulasie 3(3)*(b)* moet erken.

(4) Indien 'n bevel verleen word–

(a) vir die verpligte MIV-toetsing van die beweerde oortreder soos beoog in artikel 31(3)(i) van die Wet, moet die ondersoekbeampte so spoedig as wat redelikerwys doenlik is of binne die tydperk deur die landdros vasgestel—

(i) 'n kennisgewing aan die beweerde oortreder oorhandig wat wesenlik met Vorm 4 in Aanhangsel A moet ooreenstem en die prosedure bedoel in artikel 33(1)*(a)* tot *(c)* van die Wet volg;

(ii) ontvangs erken van die verseëlde duplikaatrekords van die toetsuitslae bedoel in artikel 33(1)*(d)*(iii) van die Wet; en

(iii) een van die verseëlde rekords van die toetsuitslae, tesame met 'n kennisgewing wat inligting bevat oor die vertroulikheid van en hoe om die toetsuitslae te hanteer, in 'n vorm wat wesenlik met Vorm 8

in Aanhangsel A moet ooreenstem, aan die slagoffer of belanghebbende persoon, na gelang van die geval, en die beweerde oortreder elk, oorhandig; of

(b) vir die bekendmaking van die MIV-toetsuitslae van die beweerde oortreder, reeds deur die ondersoekbeampte op aansoek verkry soos beoog in artikel 32 van die Wet, aan die slagoffer of belanghebbende persoon, na gelang van die geval, moet die ondersoekbeampte so spoedig as wat redelikerwys doenlik is of binne die tydperk deur die landdros vasgestel—

(i) die bevel aan die hoof van die gesondheidsinstelling of persoon beoog in artikel 33(1)*(d)* van die Wet oorhandig, wat die verseëlde rekord van die toetsuitslae beoog in artikel 33(1)*(d)*(iv) van die Wet aan die ondersoekbeampte moet oorhandig;

(ii) ontvangs erken van die verseëlde rekord van die toetsuitslae aan hom of haar oorhandig; en

(iii) die verseëlde rekord van die toetsuitslae tesame met 'n kennisgewing wat inligting bevat oor die vertroulikheid van en hoe om die toetsuitslae te hanteer, in 'n vorm wat wesenlik met Vorm 8 in Aanhangsel A moet ooreenstem, aan die slagoffer of belanghebbende persoon, na gelang van die geval, oorhandig.

(5) Die slagoffer of belanghebbende persoon, na gelang van die geval, en die beweerde oortreder moet ontvangs erken van die toetsuitslae aan hom of haar ingevolge subregulasie (4) oorhandig.

Aansoek deur ondersoekbeampte vir MIV-toetsing van beweerde oortreder en bevel deur landdros vir MIV-toetsing ingevolge artikel 32 van die Wet

6. (1) 'n Aansoek deur 'n ondersoekbeampte beoog in artikel 32 van die Wet moet wesenlik met Vorm 5 in Aanhangsel A ooreenstem.

(2) Die ondersoekbeampte moet die aansoek bedoel in subregulasie (1) in 'n verseëlde koevert plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is, plaas en wat—

(a) die woorde " Aansoek deur ondersoekbeampte vir MIV-toetsing van beweerde oortreder" of "Aansoek deur ondersoekbeampte tot toegang tot MIV-toetsuitslag reeds deur slagoffer of belanghebbende persoon verkry", na gelang van die geval; en

(b) die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte,

aandui en moet dit so spoedig as wat redelikerwys doenlik is nadat 'n klag van 'n beweerde seksuele misdryf of misdryf soos omskryf in artikel 27 van die Wet, gelê is, by die klerk van die hof indien.

(3) *(a)* Die klerk van die hof moet die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte in die register bedoel in regulasie 3(3)*(a)* van die Regulasies aanteken.

(b) Die klerk van die hof moet die verseëlde aansoek in 'n lêer plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is en wat—

(i) die woorde "Aansoek deur ondersoekbeampte vir MIV-toetsing van beweerde oortreder" of "Aansoek deur ondersoekbeampte tot toegang tot MIV-toetsuitslag reeds deur slagoffer of belanghebbende persoon verkry", na gelang van die geval; en

(ii) die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte,

aandui en dit onverwyld aan die landdros oorhandig.

(4) Die hoof van die kantoor moet administratiewe maatreëls daarstel om die veilige bewaring van die register en die lêers bedoel in subregulasie (3) te verseker.

(5) Die bevel deur die landdros beoog in artikel 32(3) van die Wet moet wesenlik met Vorm 6 in Aanhangsel A ooreenstem.

(6) Die landdros moet—

(a) die getekende bevel bedoel in subregulasie (5) in 'n verseëlde koevert plaas wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is en wat die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte aandui; en

(b) die bevel tesame met die lêer bedoel in subregulasie (3)*(b)* aan die klerk van die hof oorhandig.

(7) Die klerk van die hof moet die verseëlde bevel aan die ondersoekbeampte oorhandig wat ontvangs daarvan op die lêer bedoel in subregulasie (3)*(b)* moet erken.

(8) Indien 'n bevel verleen is—

(a) vir die verpligte MIV-toetsing van die beweerde oortreder, soos beoog in artikel 32(3) van die Wet, moet die ondersoekbeampte–

(i) so spoedig as wat redelikerwys doenlik is of binne die tydperk deur die landdros vasgestel, 'n kennisgewing wat wesenlik met Vorm 4 in Aanhangsel A moet ooreenstem aan die beweerde oortreder oorhandig en die prosedure bedoel in artikel 33(1)*(a)* tot *(c)* van die Wet volg;

(ii) ontvangs van die verseëlde duplikaatrekords van die toetsuitslae bedoel in artikel 33(1)*(d)*(iii) van die Wet erken en die veilige bewaring van een rekord van die toetsuitslae beoog in regulasie 9, verseker; en

(iii) die tweede verseëlde rekord van die toestuitslae, soos beoog in artikel 33(1)*(e)*(ii) van die Wet, aan die beweerde oortreder oorhandig, tesame met 'n kennisgewing wat wesenlik met Vorm 8 in Aanhangsel A moet ooreenstem; of

(b) vir die MIV-toetsuitslae, wat reeds op aansoek deur 'n slagoffer of 'n belanghebbende persoon, na gelang van die geval, soos beoog in artikel 32(3) van die Wet verkry is, aan die ondersoekbeampte bekend gemaak moet word, moet hy of sy—

(i) so spoedig as wat redelikerwys doenlik is of binne die tydperk deur die landdros vasgestel, die bevel aan die hoof van die gesondheidsinstelling of persoon beoog in artikel 33(1)*(d)* van die Wet oorhandig wat die verseëlde rekord van die toetsuitslae beoog in artikel 33(1)*(d)*(iv) van die Wet aan die ondersoekbeampte moet oorhandig; en

(ii) ontvangs van die verseëlde rekord van die toetsuitslae erken en die veilige bewaring van daardie toetsuitslag verseker soos in regulasie 9 beoog.

Neem van voorgeskrewe monsters

7. Indien 'n bevel, soos in artikel 31(3)(i) of 32(3) van die Wet beoog, deur 'n landdros verleen is, moet 'n geneesheer of verpleër of verpleegster beoog in artikel 33(1)*(a)* van die Wet—

(a) twee bloedmonsters by dieselfde geleentheid van die beweerde oortreder neem;

(b) die bloedmonsters met die saaknommer, volle name en van van die beweerde oortreder merk; en

(c) die bloedmonsters in 'n koevert verseël wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is en die saaknommer, naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte aandui en dit aan die ondersoekbeampte oorhandig.

Aantekening, bewaring en vertroulikheid van toetsuitslae

8. (1) Die hoof van 'n gesondheidsinstelling of 'n persoon skriftelik deur hom of haar aangewys wat toetse op die monsters bedoel in regulasie 7 van die Regulasies uitvoer, moet—

(a) die uitslag van die toets in triplikaat aanteken op 'n vorm wat wesenlik met Vorm 8 in Aanhangsel A moet ooreenstem;

(b) die toetsuitslae in drie verskillende koeverte verseël wat "Confidential/Vertroulik" gemerk is, en wat—

(i) die saaknommer;

(ii) die naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte;

(iii) die naam van die slagoffer; en

(iv) die naam van die beweerde oortreder,

daarop aandui; en

(c) twee van die verseëlde toetsuitslae aan die ondersoekbeampte oorhandig.

(2) Die hoof van 'n gesondheidsinstelling of 'n persoon skriftelik deur hom of haar aangewys, moet die verseëlde rekord van die toetsuitslae op 'n wyse en op 'n plek hou wat enige ongemagtigde toegang tot sodanige toetsuitslae verhoed.

Bewaring van toetsuitslae deur ondersoekbeampte

9. Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet verseker dat—

(a) ondersoekbeamptes die rekord van die toetsuitslae vertroulik hanteer;

(b) die rekord van die toetsuitslae veilig bewaar word; en

(c) ongemagtige toegang tot die rekord van die toetsuitslae verhoed word.

Lasbrief vir inhegtenisneming

10. (1) Die ondersoekbeampte kan, indien die beweerde oortreder nie in bewaring is nie, en—

(a) daar rede is om te vermoed dat hy of sy nakoming van 'n bevel beoog in artikel 31(3) of 32(3) van die Wet kan vermy, by dieselfde geleentheid wanneer 'n aansoek bedoel in regulasie 3 of 6 gebring word, by die landdros wat die aansoek oorweeg, aansoek doen; of

(b) nakoming van 'n bevel bedoel in regulasie 3 of 6 vermy het, by die landdros wat die genoemde bevel uitgereik het, aansoek doen,

om 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beweerde oortreder om bloedmonsters van hom of haar vir MIV-toetse te verkry, uit te reik.

(2) Indien die landdros wat die bevel vir die verpligte MIV-toetsing van die beweerde oortreder uitgereik het, nie beskikbaar is nie of nie in staat is om sodanige aansoek te oorweeg nie, kan die aansoek deur enige ander landdros oorweeg word.

(3) Die aansoek moet wesenlik met Vorm 9 in Aanhangsel A ooreenstem.

(4) Die lasbrief vir inhegtenisneming beoog in artikel 33(3) van die Wet moet wesenlik met Vorm 10 in Aanhangsel A ooreenstem.

(5) Die ondersoekbeampte moet—

(a) wanneer die beweerde oortreder in hegtenis geneem word, redelike stappe neem om die identiteit van die beweerde oortreder te bevestig;

(b) die beweerde oortreder sonder versuim na sy of haar inhegtenisneming na 'n geneesheer of verpleër of verpleegster soos beoog in artikel 33(1)*(a)* van die Wet neem vir die neem van bloedmonsters; en

(c) die beweerde oortreder, indien hy of sy ingevolge 'n lasbrief bedoel in artikel 33(3) van die Wet in hegtenis geneem is, vrylaat sodra die monsters geneem is.

Register van aansoeke en bevele

11. (1) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet 'n persoon aanwys wat verantwoordelik is vir die byhou van die register beoog in artikel 35 van die Wet.

(2) Die register beoog in artikel 35 van die Wet moet die volgende inligting aangaande aansoeke beoog in artikels 31 en 32 van die Wet bevat:

(a) Die saaknommer;

(b) die naam, rang en magsnommer van die ondersoekbeampte;

(c) die datum van die aansoek;

(d) die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van die slagoffer, indien van toepassing;

(e) indien die aansoek deur 'n belanghebbende persoon beoog in artikel 30 van die Wet gebring is, die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van daardie belanghebbende persoon en die verhouding tussen die slagoffer en die belanghebbende persoon;

(f) die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van die beweerde oortreder;

(g) volle besonderhede van die beweerde seksuele misdryf of misdryf omskryf in artikel 27 van die Wet;

(h) die datum waarop die bevel vir MIV-toetsing verleen is;

(i) of die aansoek toegestaan of geweier is soos beoog in artikel 31 of 32 van die Wet;

(j) of 'n lasbrief vir inhegtenisneming uitgereik is;

(k) die landdroshof en die landdros wat die aansoek oorweeg het;

(l) indien toegestaan, wanneer en by welke gesondheidsinstelling die bevel uitgevoer is; en

(m) waar die verseëlde rekord van die toetsuitslae, bedoel in artikel 33(1)*(e)* van die Wet, gehou word.

(3) Slegs die volgende persone het toegang tot die register bedoel in subregulasie (1):

(a) Die persoon wat verantwoordelik is vir die byhou van die register; en

(b) 'n ondersoekbeampte.

DEEL II

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN NASIONALE REGISTER VIR SEKS-OORTREDERS KRAGTENS ARTIKEL 53 VAN DIE WET

Instelling van Nasionale Register vir Seks-oortreders en aanwysing of aanstelling van personeel van Registrateur

12. (1) Die Nasionale Register vir Seks-oortreders, beoog in artikel 42(1) van die Wet, moet, onderhewig aan regulasies 15 en 16, in elektroniese formaat bygehou word as deel van die elektroniese infrastruktuur van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en die howe op 'n wyse wat—

(a) die aanstuur van inligting vanaf die Griffiers van die Hoë Howe en die klerke van die hof soos beoog in artikel 50(3) van die Wet, na die Register verseker; en

(b) verseker dat slegs die Registrateur en die personeel van die Registrateur beoog in subregulasie (2) toegang tot die databasis van die Register het.

(2) *(a)* Die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan, na oorleg met die Registrateur en onderworpe aan wetgewing wat die indiensneming van personeel in die Staatsdiens reguleer, sodanige getal geskikte en gepaste beamptes van die Departement aanwys of sodanige getal geskikte en gepaste persone aanstel as wat nodig is om die Registrateur in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede, pligte en werksaamhede soos beoog in Hoofstuk 6 van die Wet en hierdie regulasies, by te staan.

(b) Die beamptes beoog in paragraaf *(a)* moet sodanige pligte en werksaamhede, bedoel in regulasie 13, uitoefen—

(i) as wat aan hulle opgedra word deur; en

(ii) onderhewig aan die opdragte van,

die Registrateur.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Registrateur

13. Die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die Registrateur behels die—

(a) ontvangs van die besonderhede van persone beoog in artikel 50(1)*(a)* van die Wet vanaf die Griffier van die Hoë Hof, die klerk van die hof, die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste, die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Direkteur-generaal: Gesondheid en, onderworpe aan artikel 50(3) van die Wet, die aantekening van sodanige besonderhede in die Register;

(b) ontvangs en verwerking van aansoeke om sertifikate beoog in artikel 44 van die Wet;

(c) uitreiking van sertifikate;

(d) daarstelling van sekuriteitsmaatreëls, met inbegrip van elektroniese sekuriteitsmaatreëls, ten einde die vertroulikheid van inligting wat in die databasis van die Register opgeneem is, te verseker en die beskerming van sodanige inligting teen ongemagtigde toegang deur enige persoon;

(e) onverwylde aanmelding by die Suid-Afrikaanse Polisiediens van enige ongemagtigde toegang tot of peutering met enige inligting wat in die databasis van die Register vervat is;

(f) nodige stappe, met die hulp van die Direkteurs-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Buitelandse Sake en Binnelandse Sake en die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, waar nodig, ten einde prosedures in te stel ingevolge waarvan—

(i) die besonderhede van persone beoog in artikel 50(1)*(b)* van die Wet aan die Registrateur aangestuur moet word;

(ii) die Register gereeld opgedateer moet word met die besonderhede van persone beoog in artikel 50(1)*(b)* van die Wet; en

(iii) waar nodig, die verwydering van besonderhede van persone beoog in artikel 50(1)*(b)* van die Wet,

met die oog daarop om die Minister van raad te voorsien vir doeleindes van die maak van regulasies wat aan sodanige prosedures uitvoering gee;

(g) ontvangs en verwerking van aansoeke vir die verwydering van besonderhede van sekere persone uit die Register; en

(h) verwydering van die besonderhede van sekere persone uit die Register na oorweging van die aansoeke beoog in paragraaf *(g)*.

Inhoud van Register

14. Die Register moet—

(a) die besonderhede bedoel in artikel 49*(b)*(i) tot (vi) van elke persoon beoog in artikel 50(1)*(a)*;

(b) onderhewig aan die instelling van die prosedures beoog in regulasie 13*(f)*, die inligting bedoel in artikel 49*(c)* van elke persoon beoog in artikel 50(1)*(b)*; en

(c) 'n stel vingerafdrukke, indien beskikbaar, van elke persoon beoog in artikel 50(1),

van die Wet, bevat.

Wyse waarop besonderhede vir Registrateur aangestuur moet word: Instelling van Register en verwante aangeleenthede

15. (1) Die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste moet, binne drie maande na inwerkingtreding van Hoofstuk 6 van die Wet die besonderhede bedoel in regulasie 14 van elke gevangene of voormalige gevangene beoog in artikel 50(5) van die Wet aan die Registrateur aanstuur op afsonderlike vorms wat wesenlik met Vorm 1 in Aanhangsel B moet ooreenstem.

(2) Die vorms beoog in subregulasie (1) moet elektronies vir die Registrateur aangestuur word en die oorspronklikes daarvan moet, so gou as wat redelikerwys doenlik is, by die Registrateur vir veilige bewaring ingedien word.

(3) *(a)* Die Registrateur moet onverwyld daardie besonderhede in die Register opneem en moet, nadat hy of sy die besonderhede van elke gevangene of voormalige gevangene beoog in subregulasie (1) aangeteken het, die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste in kennis stel van daardie gevangenes wie se besonderhede in die Register opgeneem is en die Kommissaris versoek om sodanige gevangenes van die gevolge daarvan in te lig.

(b) Die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste moet verseker dat 'n vorm wat wesenlik met Vorm 2 in Aanhangsel B moet ooreenstem, binne drie maande na ontvangs van die kennisgewing beoog in paragraaf *(a)*, aan elke gevangene oorhandig word wie se besonderhede in die Register opgeneem is en dat die inhoud daarvan aan elke gevangene verduidelik is.

(4) Die Direkteur-generaal: Gesondheid moet, binne drie maande na inwerkingtreding van Hoofstuk 6 van die Wet die besonderhede bedoel in regulasie 14 van elke persoon beoog in artikel 50(7) van die Wet aan die Registrateur aanstuur op afsonderlike vorms wat wesenlik met Vorm 3 in Aanhangsel B moet ooreenstem.

(5) Die vorms beoog in subregulasie (4) moet elektronies vir die Registrateur aangestuur word en die oorspronklikes daarvan moet, so gou as wat redelikerwys doenlik is, by die Registrateur vir veilige bewaring ingedien word.

(6) *(a)* Die Registrateur moet onverwyld die besonderhede in die Register opneem en moet, nadat hy of sy die besonderhede van elke persoon beoog in subregulasie (4) aangeteken het, die Direkteur-generaal: Gesondheid in kennis stel van daardie persone wie se besonderhede in die Register opgeneem is en die Direkteur-generaal versoek om sodanige persone van die gevolge daarvan in kennis te stel.

(b) Die Direkteur-generaal: Gesondheid moet verseker dat 'n vorm wat wesenlik met Vorm 4 in Aanhangsel B moet ooreenstem, binne drie maande nadat 'n kennisgewing beoog in paragraaf *(a)* ontvang is aan elke persoon oorhandig word wie se besonderhede in die Register aangeteken is en dat die inhoud daarvan aan sodanige persone verduidelik word.

(7) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet, binne drie maande na die inwerkingtreding van Hoofstuk 6 van die Wet die besonderhede bedoel in regulasie 14 insamel en die besonderhede van elke persoon beoog in artikel 50(6) van die Wet vir die Registrateur aanstuur.

.

Wyse waarop besonderhede vir Registrateur aangestuur moet word en verwante aangeleenthede

16. (1) Wanneer 'n hof 'n bevel beoog in artikel 50(2)*(a)* van die Wet maak, welke bevel wesenlik met Vorm 5 in Aanhangsel B moet ooreenstem, moet die Griffier van die Hoë Hof of die klerk van die hof onverwyld—

(a) indien moontlik, die veroordeelde persoon se werkgewer soos omskryf in artikel 40 van die Wet, in kennis stel deur middel van 'n kennisgewing wat wesenlik met Vorm 6 in Aanhangsel B moet ooreenstem; en

(b) die bevel tesame met al die besonderhede bedoel in regulasie 14 vir die Registrateur aanstuur.

(2) Die Registrateur moet, by ontvangs van die bevel beoog in subregulasie (1) en onderhewig aan subregulasie (3), die betrokke besonderhede voorlopig in die Register opneem tesame met 'n nota dat sodanige besonderhede in die Register aangeteken word hangende die—

(a) verstryking van die tydperk vir die notulering van 'n appèl of vir die hersiening van die aangeleentheid; of

(b) afhandeling van enige appèl- of hersieningsverrigtinge wat ingestel is.

(3) Die Registrateur moet, by verstryking van die tydperk waarbinne appèl aangeteken kan word of die aangeleentheid op hersiening geneem kan word, onverwyld by die Griffier van die Hoë Hof of die klerk van die hof navraag doen aangaande die uitslag van die appèl of hersiening, indien enige.

Persone geregtig daarop om aansoek om sertifikaat te doen

17. (1) 'n Persoon wat, voor of na die inwerkingtreding van Hoofstuk 6 van die Wet, skuldig bevind is aan of 'n vorige veroordeling het vir 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is en wat—

(a) in diens van 'n werkgewer is;

(b) beoog om vir werk aansoek te doen, wat hom of haar op enige wyse gedurende die loop van sodanige werk, in 'n posisie van gesag, toesig of sorg van 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, stel of wat toegang verkry tot 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is of tot plekke waar kinders of persone wat verstandelik gestremd is, teenwoordig is of vergader;

(c) beoog om vir 'n lisensie of goedkeuring aansoek te doen om 'n entiteit, besigheidsonderneming of bedryf in verband met toesig oor of sorg van kinders of persone wat verstandelik gestremd is, te bestuur of te bedryf;

(d) beoog om aansoek te doen om 'n pleegouer, familieverwante versorger, tydelike veiligheidsorg-versorger, aannemende ouer of kurator te word; of

(e) wil vasstel of sy of haar eie besonderhede in die Register verskyn,

doen aansoek by die Registrateur, by wyse van 'n aansoekvorm wat wesenlik met Vorm 7 in Aanhangsel B moet ooreenstem, om 'n sertifikaat wat vermeld of sy of haar besonderhede in die Register verskyn al dan nie.

(2) 'n—

(a) werkgewer wat, by die inwerkingtreding van hierdie regulasies, 'n werknemer in diens het of beoog om 'n werknemer in diens te neem;

(b) lisensiëringsowerheid wat, by die inwerkingtreding van hierdie regulasies, 'n aansoek beoog in subregulasie (1)*(c)* oorweeg; of

(c) betrokke owerheid wat, by die inwerkingtreding van hierdie regulasies, 'n aansoek beoog in subregulasie (1)*(d)* oorweeg,

doen aansoek by die Registrateur, by wyse van 'n aansoekvorm wat wesenlik met Vorm 8 in Aanhangsel B moet ooreenstem, om 'n sertifikaat wat vermeld of sodanige persoon se besonderhede in die Register verskyn al dan nie.

Verwerking van aansoeke

18. Die Registrateur moet, by ontvangs van 'n aansoekvorm bedoel in regulasie 17(1) of (2), so spoedig as wat redelikerwys doenlik is, maar in elk geval binne 10 werksdae na ontvangs van sodanige aansoek, 'n sertifikaat uitreik wat wesenlik met Vorm 9 in Aanhangsel B moet ooreenstem.

Verwydering van besonderhede uit Register

19. (1) 'n Persoon wat in die kategorie beoog in artikel 51(1) van die Wet val, kan vir die verwydering van sy of haar besonderhede uit die Register aansoek doen deur 'n aansoekvorm in te dien te dien wat wesenlik met Vorm 10 in Aanhangsel B moet ooreenstem.

(2) Die Registrateur kan slegs stappe neem om die besonderhede van 'n persoon uit die Register te verwyder by ontvangs van 'n aansoek bedoel in subregulasie (1).

(3) Die Registrateur kan slegs die besonderhede van 'n persoon uit die Register verwyder indien—

(a) die tydperk bedoel in artikel 51(1)*(a)*(i) tot (iii) of 51(1)*(b)* van die Wet verstryk het; en

(b) die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens skriftelik bevestig het dat die betrokke persoon—

(i) nie die onderwerp van 'n ondersoek is of dat daar nie 'n klag met betrekking tot 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, teen hom of haar hangend is nie; of

(ii) die onderwerp was van 'n ondersoek of 'n klag met betrekking tot 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is en dat sodanige ondersoek of klag afgehandel is sonder dat die betrokke persoon aan die betrokke misdryf skuldig bevind is nie,

en moet die persoon van 'n vorm voorsien wat wesenlik met Vorm 11 in Aanhangsel B moet ooreenstem.

(4) Enige rekord, hetsy in elektroniese of ander formaat, moet onmiddellik vernietig word sodra die besonderhede van die persoon uit die Register verwyder is.

Misdrywe en strawwe

20. (1) 'n Persoon wat, onderhewig aan artikel 52(2) en (3) van die Wet, sonder magtiging—

(a) toegang tot die databasis van die Register verkry of poog om toegang daartoe te verkry;

(b) met enige inligting in die databasis van die Register peuter of poog om daarmee te peuter; of

(c) enige inligting wat in die databasis van die Register opgeneem is, versprei, publiseer of op enige ander wyse aan 'n ander persoon beskikbaar stel,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens 12 maande of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) 'n Persoon wat vir die verwydering van sy of haar besonderhede uit die Register aansoek doen en wat valslik verklaar dat daar geen strafregtelike verrigtinge, vir die beweerde pleging van 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, teen hom of haar hangend is nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens 12 maande of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

DEEL III
ALGEMEEN

Kort titel en inwerkingtreding

21. (1) Hierdie Regulasies heet die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) Regulasies.

(2) Regulasie 1, Deel I en Deel III van hierdie Regulasies tree op 22 Mei 2008 in werking en Deel II daarvan tree op 16 Junie 2008 in werking.